



## TOULEIER



# Waar kom strate en huise se name vandaan?

**D**ankie aan Kas Smit van Secunda wat terug geskryf het oor die herkoms van die naam Onrus. Soos aan Kas oorvertel deur byna drie geslagte van sy voorvaders, is dit so dat Onrus en Banhoek naby Stellenbosch, albei verband hou met melaatskolonies wat destyds in die Suid-Kaapse omgewing bestaan het

En van name gepraat, toe ek destyds op Skelmbosch was, het hulle Banhoek-weg nog reg gespel. Nou vertel Kas my hulle noem hom deesdae Banghoek.

Mens wonder nou net, is dit weens slegtegeit of sal die misbepaaldeteit soos Kas hulle noem, dit toeskryf aan die nuwe naamsveranderingsveldtog wat so saam met die winde van verandering deur Duskantland waai?

Hoe dit ook al sy, dis tragies dat mense so maklik stukkies geskiedenis op die manier onder die mat inveen. Dis dan wanneer dit so gaandeweg verdwyn uit die gemeenskap se gesamentlike geheue. Gewoonlik wanneer ek deur 'n dorp wandel of ry, wonder ek baie wat die herkoms van 'n straatnaam is.

Byvoorbeeld, wie was nou eintlik die Neethling van die Neethlingstraat daar naby Die Laan waar ons as studente gebly het? Ons het die huis Makkahandjie gedoop weens ons oormatige brugspelery terwyl ons eerder moes swot. Op 'n keer het ons n hele week lank die spel aan aan die gang gehou met manne wat mekaar aflos as een van die sleutelspelers moes gaan klas draf.

Terug by straatname, dis vir my glad te maklik en gerieflik vir ontwikkelaars en beplanners om 'n tema te gebruik soos Bokmakierie, Tiptol (sal hulle waag met Bottergat?) en Piet-my-vrou. Of Duiker, Ribbok en Klipspringer. Van goggas tot geologie, die lys hou aan. Maar wat sê dit van ons oorspronklikheid?

Myns insiens is dit net nog 'n voorbeeld van die stadig maar sekere agteruitgang van ons skeppende vermoëns en kultuurgeskiedenis. Die mis van 'n geleentheid om iemand of iets te vereer en te onthou. Of is ek verkeerd?

En wat van huisname? Hier weet ek sommer ek praat met 'n groot groep van ons lesers omdat so baie van julle reeds in julle finale nessies en rusplekkies is. Wat is jou huis se naam? Het jou huis ooit 'n naam? Indien nie, hoekom nie? Indien wel, hoe het julle daarop besluit? Ek sal graag wil verneem van ons lesers af oor wat julle huise se name is en die geskiedenis daaragter.

Ook hoor ek graag jou mening oor hoekom nou juis soveel meer strandhuise name het as die gewone huise in die binneland of in die dorp.

Daar is ook nog 'n rede hoekom ek vra. Ek en Kamermaatjie tob nou al maande oor 'n naam vir ons eie nommer 16. Sestien is vir my so 'n lank gelede en niksseggende nommer. Ons plekkie moet 'n betekenisvolle naam kry. Hy sit redelik hoog op teen die berg bokant Onrus en mens sien darem mooi die see en die berg daarvandaan.

Tans is ons nommer een en gunsteling naam Houtsoek. Afgelei van daardie veraf kyk wat ek soms in my oë kry as ek so rustig oor die see sit en staar. Veral met 'n glasië goeie sawwelyf in die hand.

Kom mense, ons soek inspirasie by die nasie. Stuur vir ons jou huis se naam en hoe jy daarop besluit het. As jou vesting ook nog nie 'n naam het nie, hoop ek hierdie druk in die ribbes maak jou kreatiewe sappe los en jou woning word binnekort bekroon met 'n naam waardig aan jou en jou herkoms.

Laat weet!

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

## Om met sukses te bedel moet jy slim wees

Hassan en Habib is bedelaars. Hulle bedel in verskillende dele van Sydney.

Hulle bedel al ewe lank, maar Hassan kollekteer maar A\$2 of A\$3 per dag.

Hassan neem daagliks 'n tas vol A\$10-note huis toe, ry 'n Mercedes, woon in 'n afbetaalde huis en spandeer geld vryelik.

**Habib:** "Ek werk dieselfde ure as jy en ewe hard. Hoekom maak jy so baie geld en ek so min?"

**Hassan:** "Kyk na jou plakkaat. Wat sê dit?"

**Habib:** "Ek het nie werk nie. Vrou en ses kinders."

**Hassan:** "Geen wonder jy kry so min nie!"

**Habib:** "Oukei, slimkop, wat sê joune?"

**Hassan:** "Ek soek nog net A\$10 sodat ek kan teruggaan Pakistan toe."

## Bobbejaanstories (2)

### Kees as veewagter

Nog 'n oorgelewerde vertelling oor die sonderlinge vermoëns van 'n getemde bobbejaan grens net so aan die ongelooflike.

Die storie is naamlik versprei dat een adoons iewers—was dit in Namibië?—as 'n veewagter uitgeblink het.

Soggens sou hierdie oorlamse dier die vee van 'n boer bobbejaansiel-alleen veld toe gevat het en smiddags weer teruggebring het kraal toe, of iets in dier voege.

Miskien moet 'n mens dié verhaal egter as niks meer as 'n landelike legende beskou nie... of ten beste as 'n oorlewing wat straks 'n greintjie van die waarheid bevat, maar met die verloop van jare erg aangedik is.

Wat nietemin blyk, is dat bobbejane koddige, slimmerige diere is wat vir mense besonder fassinerend kan wees. Miskien is dit omdat hulle ook sosiale wesens is soos ons en omdat hul manewales baiekeer vir ons so "menslik" lyk.

Daarmee wil ons egter nie sê dat bobbejane nie ook die grootste vabonde kan wees nie. Dit sal menige boer kan beaam wie se graanlande of vrugteboorde onbeskryflik in 'n bobbejaanstrooptog verniel is of wie se lammertjies aaklig deur 'n trop plunderende bobbejane verskeur is.

## Die herkoms van ons gesegdes (18)

**Lap:** Op die lappe kom (bring); met iets op die lappe kom (geopenbaar word; ter sprake kom)

Volgens Nederlandse bronne word hiermee bedoel die lappe wat buite op klere (en in die Middeleeue veral op skoene – vandaar die woord skoenlapper) vasgewerk is. Enigeen kon dit dus sien.

**Lede:** Onder lede hê (begin siek word of aangesteek wees)

In Nederlandse is leden die ledemate van die liggaam; om 'n siekte onder lede te hê, is om dit in jou ledemate soos die gewrigte en potjies te voel, maar ook met die ou Nederlandse betekenis van "die hele liggaam".

**Lees:** Jou nie by jou lees hou nie (jou bemoei met sake wat jou nie raak nie of waarvan jy nie kennis dra nie)

Hierdie lees is die vorm waarop skoene geskoei word. Die woord is afgelei van 'n Germaanse woord \*skōxa wat "skoen" beteken het.

**Lei:** Met 'n skoon lei begin (van nuuts af begin)

Tot ongeveer 80 jaar gelede het kinders op skool nie boeke gehad nie en het met kryt op leie geskryf wat dan skoongevee is voordat 'n nuwe les begin is.

**Ek is 'n optimis, maar 'n optimis wat 'n reënjas dra.**

-- Harold McMillan, eertydse Britse premier.

## Koekeloer is gesond en laat mans langer leef

Onlangse navorsing toon dat 'n gereelde skelm loertjie na 'n goedbedeelde paar vroulike buuste, baie voordelig is vir 'n man se gesondheid. Dit bevorder ook 'n langer lewe.


Navorsers het ontdek dat net tien minute se koekeloe dieselfde uitwerking het as 'n halfuur in die gimnasium.

'n Vyfjaarstudie onder 200 mans het bewys dat dié wat so tien minute verlangend na die volborstige skoonhede kon staar, 'n laer bloeddruk, minder hartsiektes en bestendiger polsslag ondervind teenoor dié wat nie sodanige daaglikse rondborstige voorregte gehad het nie.

Dr. Karen Weatherby, wat in Duitsland navorsing gedoen het skryf in 'n bekende mediese joernaal dat slegs tien minute se staar na sulke goedbedeelde juwele gelykstaande is aan dertig minute se aërobiese oefening. Die opwinding kry die hart aan die huppel en verbeter algemene bloedsirkulasie. Koekeloer na mooi borste dra beslis by tot mans se fiksheid.

Die studie het bewys dat deur hierdie aktiwiteit gereeld te beoefen, die gemiddelde man sy lewe met vier tot vyf jaar kan verleng.

Dus asseblief, dames, moenie oordeel nie, ons wil net graag langer leef! Help ons!



Piet en Koos, jarelange vriende, het elke dag in die park ontmoet, die natuurlewe geniet en wêreldprobleme probeer oplos.

Eendag het Koos nie opgedaag nie. Piet was nie bekommerd nie, dalk net 'n verkoue of iets, dink hy.

Na 'n week was daar nog geen teken van Koos nie en Piet het bekommerd begin raak. Omdat hulle net in die park ontmoet het, het hy nie geweet waar Koos bly nie en kon nie uitvind wat die

probleem was nie. Na 'n maand was Piet seker dat dit die laaste sien van sy vriend was. Wonder bo wonder, die volgende dag arriveer Koos in die park. Piet was baie bly om sy vriend te sien in lewende lywe.

"magtag Koos waar was jy al die tyd?"

"in die tronk" kom die antwoord doodluiters.

"TRONK? wat op aarde het dit teweeg gebring? "

"Wel jy onthou seker daardie oulike blonde kelnerin waar ons soms koffie drink? Sannie watsenaam.

"Ja, maar wat dit met jou en die tronk te make?"

"Sannie het n klag van verkragting teen my aanhangig gemaak. Ek was so trots en gevlei ,ek meen verkragting op ouderdom 89, dat ek summier skuldig gepleit het. En weet jy wat? Daardie onnosele magistraat boek my vir dertig dae vir meened."

### KORTES

► Die vrou koop brandewyn vir haar vrugtekoek.

Die seun agter die kasregister vra:

"Drink tannie brandewyn? Tannie is cool."

Vrou: "Nee, ek gooi dit oor my koek."

Seun: "Sjoe Tannie, jy is fokken awesome."


► Pa en seuntjie ry rond op plaas. Ry verby donkie wat se anderding ver uithang. Seun : "Pa, wat's dit?" Pa : "Die donkie se penis".

Seun : "Ma sê dan dis sommer niks".

Pa : "Ag man, jou ma's bederf".

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## Sebrakruising

### BOKSBURG

In Boksburg word jy nie met blou oë gebore nie. Jy moet baklei daarvoor, pappie!

### BABAS

Die laaitie vra vir sy pa:

"Pappa, ek weet babas kom uit hul ma's se maag, maar hoe kom hulle daar in die eerste plek?"

Nadat die pa effens ge-um en -ah het voordat hy probeer antwoord, kom die kommentaar:

"Pa hoef nie 'n storie uit te dink nie, dis alles reg as Pa nie weet nie."

### LIGTE AF

"Om tienuur skakel ek die ligte af," sê die kwaai pa vir die ou wat by sy dogter kom kuier.

"Nee, dis reg," antwoord die ou. "Ek het in elk geval nie kom lees nie."

### MAKLIKER SO

'n Klant by 'n slaghuis bestel die grootste T-been wat hulle het.

"En sny tog al die vet af," voeg sy by.

"Is u seker u wil die vet af hê?" maak die slagter net eers seker.

"Ja, want dis makliker om hier van die vet ontslae te raak as wanneer ek dit eers geëet het."

### BEURTKRAG

Ons krag was hierdie naweek af en ek kon nie op my rekenaar werk, TV kyk of met die playstation speel nie.

Dit het ook gereën. Toe kon ek ook nie tuinwerk doen, gaan visvang of ghoif speel nie.

Toe gesels ek maar met my vrou vir so 'n paar uur.

Sy klink na 'n baie aangename persoon!

### OORAANBOD

'n Zimbabwiër, 'n Nigeriër en Meraai van die Kaapse Vlakte is in dieselfde kroeg.

Toe die Zimbabwiër sy glas bier leeg drink, gooi hy dit in die lug, haal sy pistool uit en skiet die glas in stukke. Hy sê: "In Zimbabwe is glase so goedkoop dat jy nie nodig het om twee keer daaruit te drink nie."

Die Nigeriër drink sy nie-alkoholiese bier (want hy is mos 'n Moslem), gooi die glas in die lug, haal sy AK47 uit en skiet die glas in stukke.

Hy sê: "In die Arabiese wêreld het ons so baie sand om glase te maak dat ons nie nodig het om twee keer daaruit te drink nie."

Meraai bly so koel soos 'n komkommer, lig haar glas met dubbel brandewyn en Coke, sluk dit met een sluk, gooi die glas in die lug, pluk haar .38 Special uit en skiet die Zimbabwiër en die Nigeriër vol gate.

Sy vang haar glas, sit dit op die toonbank en vra weer vir vol maak en sê: "In Suid-Afrika het ons so baie onwettige immigrante dat ons nie nodig het om 'n tweede keer saam met hulle te drink nie!"

## PEANUTS deur Schulz





# Duskantlander in Anderkantland

## Hier eet hulle álles!

Deur Johan Oosthuizen

Omdat net die rykes (en hulle is min) kombuisgeriewe in hulle huise het, is die kosmark die hart van elke dorp en die wat nie op die mark plek kry nie, maak kos net waar hulle wil. Health and Safety wat Engeland tot stilstand kan dwing, bestaan nie hier nie. Almal doen hulle ding en as dit werk en 'n diens word gelewer, is niemand gepla nie.

Glo my, hulle eet alles. Blare, wortels, knolle, kruie, bolle, stingels, vrugte en groente te kies en te keur. Paddaeiers, paddavisse en paddas geslag of lewendig word aangebied.

Waterslange, babers en vis van alle soorte – lewendig of geslag, te kies en te keur. Van 'n hoender en 'n vark word net die vere en die varktande nie geëet nie. koop.

Hoenderkrop en slukderm en selfs 'n stuk dikderm kan per kilogram gekoop word. As die hoender se afsnybare dele afgesny is, word die karkas in 'n degie gedoop en diepgebraai. Die armes moet ook kan kos koop ...

Avontuurlustiges kan kies tussen reuse kokkerotte, krieke, vreemde goggas en reuse skerpioene vir die kieskeuriges. Al diepgebraaide miskruiertjies probeer? So kan ek aangaan. Die helfte is nog nie vertel nie!

**Boerdery:** Thailand tel nie verniet onder die wêreld se drie grootste voorsieners van rys nie. Ons provinsie is die armste provinsie waar derduisende kleinboere elke beskikbare lappie grond beplant. Waterbuffels dien as trekkiers vir grondbewerking. Die wat dit kan bekostig, koop klein trekkertjies en doen kontrakwerk.

**Mense wat weelde hoog aanslaan, sal nie hier inpas nie.**

Baie dorpenaars het iewers 'n lappie grond waar hulle rys plant vir 'n jaar se voorraad. Enige oorskotte word gedeel met die wat nie het nie. Elke gemeenskap het sy eie vervaardigers – byle, vurke, harke, kapmesse, gieters en wie weet alles.

As jy iets gemaak wil hê, sal jy iemand kry wat dit kan maak. Die vis-, baberen palingverskaffers maak ook eie bote, fuike, nette en wat ook al. Dan is daar ook die informele "boere" wat sorg vir sampioene, krieke, kokkerotte, paddas, rotte, skerpioene en ander grillerige goed.

Die manne wat 'n klompie Brahmane het, se besies wei langs die paaie waar daar altyd 'n groenigheid is. Jy sal nooit 'n bees in 'n pad sien nie. Met 'n tou deur die neus aan 'n pen in die grond, kan hy tot op die randjie van die weiding loop. Ja, alles op klein skaal en almal leef en laat leef en niemand het onbetaalbare koöperasieskuld nie.

So kan ek aangaan oor baie dinge. Alles 'n sonderlinge lewenservaring. Mense wat weelde hoog aanslaan, sal nie hier inpas nie. Dis 'n wêreld waar arm mense weier om deur armoede ondergekry te word. Die geringste werk wat 'n mens kan doen, hou hom aan die lewe en help ander om aan die lewe te bly en tussen alles deur is daar 'n wonderlike blymoedigheid.

Daar is vreemde dinge waaraan 'n mens gewoon moet raak, maar as jy agterkom dit maak nie dood nie, maak jy soos hulle maak en geniet die lewe saam met hulle. Na 'n kort vakansie sit ek voor skool hier in die klas en toe kom 'n paar vrolike dogters die klas in met 'n groot bord kos en 'n ekstra lepel vir "Meneer" en toe eet ek saam uit dieselfde bak.

Ons was die naweek by 'n baie spoggerige troue in 'n hotel met vragte kos wat vermors sou gaan, maar nee, na die onthaal word die plastiekhouders uitgehaal en volgemaak, want by die huis is daar armes in die dorpie wat ook graag wil eet. Die Thais glo jy gaan nie met 'n vol maag slaap as jou medemens honger is nie.

Geleen by die webwerf [wereldwyd.co.za](http://wereldwyd.co.za)



Gebraaide paddas.

# Uit die wakies

Stories vir die vaak

## SKEIBRIEWE

### My Liewe Man,

Hierdie briefie is om jou te vertel dat ek jou gaan verlaat. Vir die afgelope 20 jaar was ek 'n goeie vrou vir jou, maar het niks om daarvoor te wys nie. Die afgelope 2 weke was louter hel. Jou baas se oproep vanoggend dat jy jou werk bedank het was die laaste strooi.

Verlede week het jy nie eens gesien dat ek 'n nuwe haarstyl het nie of dat ek jou gunsteling kos gekook het nie. Die ergste van alles is dat jy nie eens my nuwe mooi nagrok opgemerk het nie. Jy het behoorlik jou kos binne minute afgesluk, jou sport gekyk en in die bed geklim.

Jy sê nooit meer jy is lief vir my nie en stel nie meer belang in die intieme sy van ons huwelik nie. My gevolgtrekking? Jy verneuk my, of jy is nie meer lief vir my nie. Wat ook al die geval, ek kry my ry!

### Jou Gewese vrou.

NS. Moet my asseblief nie probeer opspoor nie, ek en jou broer Karel verhuis na KZN. Geniet jou leë lewe!

0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0

### Geliewe Eksvrou,

Vandag was beslis die beste dag van my lewe, veral nadat ek jou brief ontvang het!

Alhoewel ons 20 jaar getroud was, was jy alles behalwe 'n goeie vrou. Ek kyk sport om te probeer ontkom van jou gesanik en gekerm.

Ek het jou nuwe haarstyl opgemerk. My pa het my geleer om liever stil te bly as ek nie iets mooi of goed kan kwytraak nie. Vir my het jy soos 'n regte mannetjiesmens gelyk.

Omtrent my gunsteling ete, ek het die afgelope sewe jaar geen varkveis geëet nie.

Die nagrok het ek wel raakgesien, so ook die prysetiket van R499.99 en het gehoop dat dit net toeval is dat my broer Karel gisteroggend R500 by my geleen het.

Ek is nog lief vir jou en het gehoop dat ons weer voor kon begin veral nadat ek verlede Saterdag die twintigmiljoen rand Lotto gewen het. Ek het my werk bedank en twee vliegkaartjies na die Bahamas vir ons gekoop, maar jy was alreeds weg toe ek by die huis kom.

My prokureur verseker my dat jou brief genoeg bewys is dat jy geen sent van my sal kan eis nie. Pas jouself mooi op.

### Jou Gewese Wederhelf, skatryk en vry.

NS: Ek is nie seker of ek jou al ooit vertel het dat my broer Karla gedoop was en later sy naam na Karel verander het nie.

**Een aand raak Ouma aan die slaap met haar valstande in haar mond.**

**Gedurende die nag val hulle uit en beland in een van haar pantoffels wat langs die bed staan.**

**Sy word die volgende oggend wakker en kry Monopoly-geld in die pantoffel.**



**Met 'n briefie van die tandemuis wat sê: "Nice try!"**



Dis 'n Nederlandse produk.

Opfok beteken groei of grootmaak in Nederlands.

Ek soek sommer 'n paar sakke –

Daar is baie mense wat ek wil grootmaak!

## Die Kommin-foets

### Maniere om te weet of jy kommin is.

1. Die Halloween pampoen op jou stoep het meer tande as jou nooi.
2. Jou twaalfjarige dogter mag voor haar kinders by die tafel rook.
3. Jy is al drie keer getroud, maar jou skoonouers bly dieselfde.
4. Jy dink meisies wat nie in jou belangstel nie, bestaan nie.
5. Jack Daniels is op jou lys van mense wat jy graag wil ontmoet.
6. Jy wonder hoe die garages hulle toilette so skoon hou.
7. As iemand in jou familie al dood is nadat hulle gesê het, "Hey, check dit uit."
8. Jy dink Dom Perignon is 'n Mafia baas.
9. Jou vrou se hare het al vasgesit in die plafonwaaier.
10. Jy dink Johnny Walker het die Comrades gewen.
11. Jy het al 'n vuurhoutjie brand gemaak in jou huis en net die wiele het na die ontploffing oorgebly.
12. Jy kan nie met jou liefing trou nie omdat die wet dit verbied.
13. Jy dink om die skottelgoedwasser te laai is om jou vrou dronk te kry.
14. Jou toilet papier het bladsynommers.
15. Jy het een volledige stel koppies en almal sê Wimpy.
16. Die grootste dorp wat jy al in was, was Boys Town .
17. Jou werkende TV sit bo-op jou gebreekte TV.
18. Jou bure dink jy is 'n speurder want die polisie bring jou altyd huis toe
19. Jy skreeu vir die Blou Bulle.

(Oukei, daai laaste een is sommer 'n jok.)

## Buitelug mens

Gedurende my onlangse geskeduleerde besoek aan die dokter vra hy my om 'n normale fisieke aktiewe dag in my lewe te beskryf:

Ek vertel hom toe ek het gisternamiddag 'n vyf uur lange staptog aangepak van ongeveer sewe myl.

Deur ruwe veld gestrompel, langs 'n meer deur digte braambos gestoei en in die proses, ook nog sand in my oe en skoene gekry. 'n Slang rakelings misgetrap, verskeie klipkoppies bemeester, en agter n paar groot bome en digte bosse water afgeslaan.

Ek verseker hom toe al die uitputting het my weerloos gelaat. Soseer dat ek na dit alles ag biere moes afsluk net om tot verhaal te kom.

Die dokter was heel beïndruk: "Jy is voorwaar 'n buitelug spesialis"

"Nee, Dok", help ek hom reg, "ek is net 'n vrot gholfspeler."

# STAMBOOM

## Help ons familiespeurders

**ALLISON** vorstermea@gmail.com

Ek is op soek na inligting oor my pa se familie, my oupa was een van 'n tweeling. Sy name was Mathew John Allison, gebore in 1924. Ek weet die familie name is William Ben. My oupa se broers was William (Willy) en Ben Allison. My oupagrootjie was getroud met Spohia Smuts. Ek is nie seker of ons van Britse of Ierse afkoms is nie. My oupa hulle het lank op 'n plaas op Roedang gebly, (nie dat ek weet waar dit is nie). My ouma was Maria Paulina Nel, soos ek verstaan was sy in 'n kinderskool in Potchefstroom, sy is gebore in 1925. Ek maak 'n stamboom vir my kind sodat sy weet waar vandaan sy kom en kan bepaal waarheen sy op pad is.

**COERTZE** somari.basson@gmail.com

Ek is Somari, oudste van 2 dogters van Petrus Lafras (Peet) COERTZE. My pa was oudste seun van Solomon Francois (Sakkie) COERTZE en Maria (Toekie) Moolman. Hulle was 7 kinders, 5 seuns en 2 dogters: Pa Peet, André, Gerhard, Basie/Solly, Leon, Wilma, Anna. Hulle het in Primrose/Germiston groot geword. Oupa Sakkie was 'n begrafnisondernemer in Primrose en Ouma Toekie het by Enterprise gewerk.

Sal baie graag wil hoor van my pa se neefs, niggies en vriende. Hy is 17 April 2003 oorlede.

**DU TOIT** rianaler@mweb.co.za

Ek is op soek na die voorouers van Andries Stephanus du Toit, gebore ongeveer 1864. Sy vrou was Susanna Johanna Swanepoel. Ander familienaam was Roelof Petrus. Hulle is oorlede in JHB. Hoop iemand kan help!

**HORN** izakjacobs.horn@gmail.com

My pa was ANJD Horn my ma SM Horn. Haar nooiensvan was Bester. Al wat ek weet, is dat my oupa erens in Brits area of Horrensnek begrawe is. Ek sal dit waardeer as iemand my van meer inligting kan voorsien.

**JANSEN VAN RENSBURG** fourier@saps.org.za

Ek is op soek na meer inligting oor JOHANNA JACOMIENA CHRISTINA JANSEN VAN RENSBURG, gebore op 2 Augustus 1911 op Calitzdorp. Haar pa was Jasper Johannes Jansen van Rensburg gebore 1 Okt 1890 getroud met Cornelia Magrieta Swart. Ek wil graag haar pa se familie na die stamvader uitlê.

**LIEBENBERG** cecileliebenberg8@gmail.com

Ek wil graag die stamboom van WILLEM FREDERIK LIEBENBERG navolg, maar het ongelukkig nie veel inligting nie, halwe dat hulle op die grens van Namibia en Suid Afrika (Warmbad/Noord-oewer) gewoon het in die laat 1940's/1950's.

**POTGIETER** rmbosch90@gmail.com

Op soek na meer inligting oor ons familie om 'n familiewapen te kry. My pa Petrus Gerhardus Potgieter gebore 12 Mei 1951. Hy het 'n broer Thys, susters Anna, Shophie, Ria en Bessie. Ek weet ook my oupa is van Humansdorp afkomstig. Enige inligting sal waardeer word

**ROESTORF** jeanne1.erasmus@gmail.com

Jacobus Lodewickus Roestorf; Hester Engela Cornelia (nee Vryburg) Roestorf; Jacob Johannes Roestorf gebore ongeveer 1854, oorlede 1900; getroud met Beatrix Gezina van Zyl. Soos mondelings oorgedra is, het Jacobus Lodewickus en 2 broers aangekom vanaf Duitsland. Jacobus was gebore in "Cape Colony" volgens sterftetekennis.

**ROSSOUW** rene.rousouw@yahoo.com

Ek is besig met die Rossouw stamboom. Soek inligting van familielede voor my ouma en oupa. Hulle was Johannes Petrus Rossouw en Johanna Sophia Coetzee van Distrik Hay, Kaapprovinsie.

**VOLSCHENK** ispvanduuren@polka.co.za

Jan Errens Volschenk. Gebore 6/2/1881 getroud met Salomina Johanna Maria Oberholster, gebore 27/12/1879. Salomina Johanna Maria Oberholster-Volschenk was eers getroud met Matheus Lewis Wienand. Gebore 18/2/1867.

### BLOMFLATER

Die bekommerde man stap by die plantewinkel in en vra vir 'n pot rooi malvas.

"Ons is ongelukkig uit voorraad, maar ons het baie rooi petunias. Kan ek vir jou wys?"

"Nee, dit moet malvas wees. Ek het my vrou belowe ek sal hare natgooi terwyl sy met vakansie is."



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Partykeer was ek spyt sy pa het nie maar die hoëtrou ook gevat nie.

Deur MEVROU GROVÉ

"Jy kan nie 'n T-hemp aantrek na 'n gradeplegtigheid nie," kla ek. Erik hou die toga styf toe, maar ek kan mos sien daar is g'n boordjie nie. "En op hoeveel gradeplegtighede was Ma al?"

Dis 'n lae hou; hy weet goed hoe pla my min geleerdheid my. Die jaar toe Erik veertien geword het, het sy pa besluit hy ruil my in vir 'n jonger model, een sonder rekmerke op haar maag.

Toe ek bel om te vra of hy na die gradeplegtigheid wil kom, sê hy net: "Ek het 'n ander afspraak". Eintlik wou ek hom nie genooi het nie; dis nie asof hy 'n sent bygedra het tot Erik se geleerdheid nie. Die jaar toe Erik veertien geword het, het hy na daardie musiek begin luister. Liedjies wat wysieloos aantjommel; al wat jy hoor, is doef-doen-doen. Partykeer was ek spyt sy pa het nie maar die hoëtrou ook gevat nie.

"Is jy klaar?" vra ek. "Oor 'n uur begin die storie en ons moet nog parkeerplek soek".

"Relax, ek gaan eers gou vir my 'n paar eiers in die pan gooi."

"Nee, netnou mors jy op jou klere! Drink koffie en eet beskuit".

En in sy veertiende jaar het hy daardie vriende begin kry. Knape met lang kuiwe wat jou nooit in die oë kyk nie en altyd swart dra. Waarvoor rou die tieners so? Oor hul eie of hul ouers se verlore lewe?

Sy maats se ouers is almal baie ryker as ek en toe hy sê hy wil ook universiteit toe, het ek bang geraak. Erik het vir ouditeur gestudeer. Dis een ding: hy het my kop vir syfers geërf. Van die debiteureklerke by die werk is ek die akku-raatste.

Vir ekstra geld het ek begin om koeksisters vir die tuisnywerheid te bak. Elke aand tot twee in die oggend. Erik het sowaar werk gekry as 'n kelner. So tussen ons het ons elke jaar die universiteit se rekening net-net betaal gekry.

Minder het ons nie baklei nie. Oor meisies, oor hy te min leer, oor hy nie wil kerk toe gaan nie, oor die oorbelt, oor die tatoeërmerk op sy arm wat hy afgewas het net toe ek die stuipe wou kry... Nes ons vandag baklei.

"Moenie vir Ma overdress nie. Netnou dink die mense ons is niks gewoond nie. En moet Ma daai pienk outfit dra? Dit laat Ma se wange so rooierig lyk."

"Ek sê nog 'n mens dra net nie 'n T-hemp onder 'n toga nie!".

"Sharrup, Ma!" Ongeërg. Ons baklei oor wie moet bestuur. Hy wen.

Ons baklei oor die roete, oor hy op ander motors se sterte sit.

Toe ons by die groot, grys gebou inloop, bekyk ek die ander studente met hul swart togas goed.

"Sien jy, al die manstudente het boordjies aan."

Ek kry maklik plek omdat ek alleen is; daar is mos altyd enkelsitplekke oop. Iemand speel orrelmusiek soos in die kerk. Die mense praat ook net so saggies soos in die kerk. Ek soek Erik se naam in die program, kry hom daar tussen die Grové's.

Ek soek hom tussen die rye en rye studente; ek kry hom omdat hy van agter net soos sy pa lyk. Ek sluk aan 'n knop in my keel. Almal staan op toe 'n lang ry professore van agter ingestap kom. Net twee van hulle loop tot op die verhoog.

Die studente beweeg soos 'n lang ry miertjies teen die sytrap op, verdwyn agter die gordyne en kom een-een uitgestap soos hul name geroep word.

Hulle gaan staan eers tot die fotograaf se flits geflits het en stap dan na die man wat hul name uitgeroep het. Elkeen kry 'n rolletjie papier. Daar is baie studente wat BCom-grade kry. As die professor cum laude na die naam sê, klap die mense 'n bietjie harder.

Toe die G's begin, voel ek my maag draai. Sê nou Erik val of iets?

"Erik Grové!" roep die professor. Erik wag vir die foto se neem, stap dan verder.

Toe gaan staan hy in die middel van die verhoog en ruk sy toga oop.

Die mense trek hul asems in . .

Toe begin hulle hande klap en een vir een staan hulle op. . .

Tot die professor klap hande. .

Ek bly sit . .

Ek byt my lip tot hy bloei, maar die trane wil nie ophou nie. . .

'DANKIE, MA!' sê die vet, swart letters op die T-hemp . . .

Die mooiste, mooiste gebaar ooit vir 'n ma wat alleen moes sukkel!

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 2 DESEMBER**